

HIERDIE AANBOD IS BELANGRIK EN VEREIS U ONMIDDELLIKE AANDAG

Indien u twyfel oor welke aksie u moet neem met betrekking tot die inhoud van hierdie Aanbod, moet u asseblief onmiddellik u Sentrale Sekuriteitebewaringstelseldeelnemer (**CSDP**), aandelmakelaar, bankier, rekenmeester, prokureur of enige ander professionele adviseur raadpleeg. Volledige besonderhede van die aksie wat van AgriRewards Deelnemers vereis word, word uiteengesit op bladsy 2 van hierdie Aanbod.

SENWES BEPERK

ISIN NOMMER: ZAEZ00000018
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1997/005336/07)
(**Senwes** of die **Maatskappy**)

OMSKEPPINGSAANBOD AAN AGRIREWARDS DEELNEMERS

(Aanbod)

met betrekking tot

DIE KEUSE OM AGRIREWARDS VOORDELE TE OMSKEP IN GEWONE AANDELE IN SENWES

Uitreikingsdatum: 1 Oktober 2019

Aangestelde Adviseur
Senwes Beperk
EM Joynt
Per e-pos: elmarie.joynt@senwes.co.za
claudi.smit@senwes.co.za
Faks: 086 680 3124 of 018-464 2228

Oordragsekretarisse
Senwes Beperk
Per e-pos:
elmarie.joynt@senwes.co.za
claudi.smit@senwes.co.za
Faks: 086 680 3124 of 018-464 2228

Afskrifte van hierdie Aanbod (in Afrikaans of Engels) kan verkry word vanaf die Senwes webtuiste, www.agriwards.co.za en van die geregistreerde kantoor van Senwes geleë te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp 2570. Dit sal vanaf 30 September 2019 beskikbaar wees.

AKSIE WAT DEUR AGRIREWARDS DEELNEMERS GENEEM MOET WORD

Die volgende inligting het betrekking op alle AgriRewards Deelnemers ("Deelnemers").

- Ooreenkomstig die AgriRewards Lojaliteitskema's, soos goedgekeur deur die raad van direkteure van die maatskappy, word gewone aandele in die maatskappy ("Senwes Aandele") aan AgriRewards Deelnemers gebied wat as sodanig geregistreer is soos op die Rekorddatum, 30 April 2019.
- In plaas daarvan dat die geakkumuleerde kontantvoordele ("AgriRewards voordele") as 'n bonus uitbetaal word oor die periode van die AgriRewards Skema, word die geleentheid nou aan AgriRewards deelnemers gebied om die AgriRewards voordele om te skakel na volledig opbetaalde Senwes aandele ("Senwes Aandele").
- Die reg om deel te neem aan die omskakeling van AgriRewards voordele is beperk tot AgriRewards Deelnemers soos op Rekorddatum.
- AgriRewards Deelnemers wat die keuse uitoefen om hierdie Aanbod op te neem, sal dit slegs kan doen ten opsigte van al hul AgriRewards voordele en nie slegs ten opsigte van 'n gedeelte daarvan nie.
- Geen verdere aksie word verlang vanaf Deelnemers wat nie op hierdie Senwes Aandele aanbod wil reageer nie of wat nie die Aanbod wil opneem nie.
- Indien u wel die Senwes Aandele wil opneem, moet u die aangehegte keusevorm voltooi en terugstuur aan die Aangestelde Adviseur van die Maatskappy (Senwes Beperk) gedurende normale besigheidsure, gemerk vir die aandag van die Maatskappysekretaris van Senwes by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp of per epos aan Elmarie.Joynt@senwes.co.za of Claudi.Smit@senwes.co.za. U kan ook u keuse elektronies uitoefen deur www.agrirewards.co.za te besoek.
- U keuse om die Senwes Aandele te ontvang moet óf deur die Aangestelde Adviseur van die Maatskappy (Senwes) ontvang word teen nie later as 17:00 op 31 Oktober 2019 nie, óf elektronies ingedien word teen nie later as 17:00 op 31 Oktober 2019 nie. Enige keusevorm wat na hierdie datum en tyd ontvang word, sal verwerp word.
- AgriRewards Deelnemers moet kennis neem dat, ooreenkomstig die AgriRewards Skema's, die Senwes Aandele outomaties gesedeer en verpand sal word as sekuriteit vir enige kredietfasiliteite by Senwes Credit.
- Na aanvaarding van hierdie Aanbod, sal die AgriRewards Voordele vervang word met Senwes Aandele en 'n Deelnemer sal geen eise van enige aard teen die Maatskappy hê nie.

DEELNEMERS WORD DAAROP GEWYS DAT, INDIEN HULLE NIE OP HIERDIE AANBOD REAGEER NIE, DAAR GEAG SAL WORD DAT HULLE DIE KEUSE UITGEOEFEN HET OM DIE VOORDELE IN DIE AGRIREWARDS SKEMA TE HOU.

BELANGRIKE DATUMS EN TYE

2019

Aankondiging van die Aanbod (ZAPS)	30 September
Rekorddatum om te bepaal welke Deelnemers die Aanbod mag ontvang	30 April
Publikasie van Aanbod en keusevorm/epos van Aanbod	1 Oktober om 8:00
Openingsdatum van Aanbod	1 Oktober om 9:00
Sluitingsdatum van keuse om na aandele om te skakel. Keusevorms moet Oordragsekretaris teen 17:00 bereik.	31 Oktober om 17:00
Voltooide Sentrale Sekuriteitebewaringstelseldeelnemer- en Makelaarsmandaat plus FICA-dokumentasie	Moet voorsien word voor die Sluitingsdatum
Finalisering	7 November
CSDP/kreditering van makelaarsrekening/opdatering met aandele, soos van toepassing	8 November
Aankondiging met betrekking tot resultate	11 November

Alle tye wat verskaf word is Suid-Afrikaanse plaaslike tye. Bogemelde datums en tye is onderworpe aan wysiging. Enige wysigings sal op ZAPS aangekondig word.

KORPORATIEWE INLIGTING VAN DIE MAATSKAPPY

Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor van Senwes / Oordragsekretaris

EM Joynt
Senwes Beperk
Charel de Klerkstraat 1
KLERKSDORP
2570
Suid-Afrika

(Posbus 31, Klerksdorp, 2570)
Tel nr. +27 (018) 464 7104

Die gelisensieerde beurs:

ZAR X (Eiendoms) Beperk
(Registrasienuommer 2015/089692/07)
Eerste Vloer
Jindal Africa Gebou
Kildoonweg 22
Bryanston
JOHANNESBURG
2021
Suid-Afrika

Tel nr. +27 (010) 442 5500

Aangestelde Adviseur ooreenkomstig ZAR X Noteringsvereistes:

EM Joynt
Charel de Klerkstraat 1
KLERKSDORP
2570
Suid-Afrika

(Posbus 31, Klerksdorp, 2570)
Tel nr. +27 (018) 464 7104

Sentrale Sekuriteitebewaringstelsel (CSD)

Strate (Eiendoms) Beperk
(Registrasienuommer: 1998/022242/07)
1ste Vloer
Frickerweg 9
Illovo Boulevard
Illovo
SANDTON
2196
Suid-Afrika

Tel nr. +27 (011) 759 5300

Sentrale Sekuriteitebewaringstelseldeelnemer (CSDP):

Computershare (Eiendoms) Beperk
(Registrasienuommer: 2000/006082/07)
Rosebank Towers
Biermannlaan 15
ROSEBANK
2196
Suid-Afrika

(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)
Tel nr. +27 (011) 370 5000

INTERPRETASIES EN DEFINISIES

In hierdie Aanbod, tensy dit duidelik aangedui word of indien die konteks 'n ander betekenis aandui, sal die woorde en frases in die eerste kolom die betekenis hê soos aangedui in die tweede kolom, verwysings na die enkelvoud sal die veelvoud, en *vice versa*, aandui, woorde wat een geslag aandui sal die ander geslag insluit en uitdrukings wat natuurlike persone aandui sal ook regs persone en verenigings van persone aandui:

"Aanbod"	beteken hierdie Aanbod aan AgriRewards Deelnemers om 'n vrywillige keuse uit te oefen om die geakkumuleerde AgriRewards Voordele soos op die rekorddatum, te omskep in Senwes Aandele en om aandeelhouers van Senwes te word op die Implementeringsdatum;
"Aangestelde Adviseur"	beteken die Maatskappysekretaris van Senwes, as sodanig aangestel om nakoming van die Noteringsvereistes, soos aangedui in paragraaf 13 van die Noteringsvereistes, te verseker;
"Aankondiging"	beteken die aankondiging met betrekking tot die Aanbod soos deur Senwes gepubliseer;
"AgriRewards"	beteken die uitgestelde bonusskema in terme waarvan Senwes 'n groot gedeelte van sy winste op 'n jaarlikse basis aan klante allokeer ten einde hulle te beloon vir hul lojale besigheid gedurende die jaar, ooreenkomstig die AgriRewards Skemareëls;
"AgriRewards Deelnemer"	beteken 'n klant wat registreer het vir AgriRewards en wat die terme en voorwaardes van die AgriRewards Skemareëls, wat verkrygbaar is by www.agrirewards.co.za , aanvaar het;
"AVO"	beteken die akte van oprigting van die maatskappy;
"Beurs" of "ZAR X"	beteken ZAR X, die gelisensieerde beurs ooreenkomstig die FMA, waarop die Senwes aandele genoteer is en verhandel word;
"BTW"	beteken die toegevoegdewaardebelasting gehef ooreenkomstig die Wet op Toegevoegde Waarde, Wet 89 van 1991;
"CSD"	Beteken STRATE (Pty) Limited, die Sentrale Sekuriteitebewaringstelsel soos vereis in terme van die FMA en wat aangestel is as die infrastruktuur vir die hou van sertifikaatlose aandele en wat die klaring en vereffeningsdienste vir die Senwes aandele op ZAR X moet hanteer;
"CSDP"	Beteken Computershare (Pty) Limited, die sentrale sekuriteite stelsel deelnemer soos vereis in terme van die FMA en wat die bewaring en administrasie dienste aan die Beurs moet verskaf;
"FICA"	beteken die vereistes met betrekking tot "Ken jou Kliënt", soos vereis ooreenkomstig die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum nr. 38 van 2001, wat van toepassing is op Senwes as aanspreeklike instansie;
"FMA"	beteken die Wet op Finansiële Markte nr. 19 van 2012, soos gewysig;
"Gedematerialiseerde Aandele" of "Sertifikaatloos"	beteken aandele ten opsigte waarvan daar nie 'n sertifikaat of geskrewe instrument bestaan nie en wat oorgedra word by wyse van 'n inskrywing sonder 'n geskrewe instrument ooreenkomstig die bepalings van die Senwes Groep se Akte van Oprigting en die FMA;
"Gemene Monetêre Gebied"	beteken Suid-Afrika, Namibië, Lesotho en Swaziland as een monetêre unie;
"Implementeringsdatum"	beteken die datum waarop die Aanbod geïmplementeer sal word;

"Keusevorm"	beteken die keusevorm van 'n AgriRewards Deelnemer waarin die keuse uitgeoefen word om die Aanbod soos hierin vervat, te aanvaar en wat voltooi en aan die Maatskappysekretaris voorsien moet word op of voor die Sluitingsdatum;
"Noteringsvereistes"	beteken die ZAR X noteringsvereistes;
"Sertifikaatlose Sekuriteite"	beteken Gedematerialiseerde Aandele soos voorsien in die FMA;
"Oordragsekretaris"	beteken die Maatskappysekretaris van Senwes;
"Openingsdatum"	beteken die openingsdatum van die Aanbod;
"R" of "rand"	beteken Suid-Afrikaanse rand, die amptelike geldeenheid van Suid-Afrika;
"Rekorddatum"	beteken 30 April 2019;
"Sedeer en Verpand"	beteken die sessie en verpanding van die Senwes Aandele soos per die AgriRewards reëls, wat aangewend word as sekuriteit vir kredietfasiliteite by Senwes indien die AgriRewards Deelnemer enige sodanige fasiliteite by Senwes het;
"Sekretaris"	beteken die maatskappysekretaris van Senwes;
"Sekuriteitsoordragbelasting"	beteken sekuriteitsoordragbelasting ooreenkomstig die Wet op Sekuriteitsoordragbelasting Nr. 25 van 2007, tesame met die Wet op Sekuriteitsoordragbelastingadministrasie, Nr. 26 van 2007, wat 0.25% van die waarde van Senwes Aandele beloop, indien van toepassing;
"Senwes"	beteken Senwes Beperk, registrasienommer 1997/005336/06, 'n publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, as sodanig geregistreer en geïnkorporeer ooreenkomstig die wette van Suid-Afrika;
"Senwes Aandele"	beteken Senwes Aandele aangebied en wat toegeken sal word aan en oorgedra sal word na AgriRewards Deelnemers wat die Aanbod aanvaar;
"Senwes Direksie" of "Senwes Direkteure"	beteken die raad van direkteure van Senwes;
"Senwes Groep Ouditeure" of "EY" of "Onafhanklike Eksterne Ouditeure"	beteken Ernst & Young Ingelyf, registrasienommer 2005/002308/21, 'n persoonlike aanspreeklikheidsmaatskappy, as sodanig geïnkorporeer en geregistreer ooreenkomstig die wette van Suid-Afrika;
"Sluitingsdatum"	beteken die sluitingsdatum van die Aanbod;
"Werkdag"	beteken enige dag behalwe Saterdag, enige Sondag of enige dag wat 'n publieke vakansiedag in Suid-Afrika is of enige dag was as sodanig aangekondig is in die Staatskoerant;
"Wet"	beteken die Maatskappywet, Nr. 71 van 2008, soos gewysig;
"ZAPS"	beteken die ZAR X Publikasiediens wat uitreikingsnuus aan aandeelhouders kommunikeer.

AANBOD AAN AGRIREWARDS DEELNEMERS

1. INLEIDING

- 1.1 AgriRewards is 'n uitgestelde bonusskema in terme waarvan Senwes groot gedeeltes van sy winste op 'n jaarlikse basis aan klante allokkeer ten einde hulle te vergoed vir hul lojale besigheid gedurende die jaar. Die bonus word in die vorm van kontant betaal in die jaar wat op die allokasie volg. Die doel van die program is om 'n beduidende belegging terug na die klante te maak en hulle te help om 'n sterk fonds te bou, gebaseer op die besigheid wat hulle met Senwes doen.
- 1.2 Bonustoekenings word gemaak, afhangend van die mate waartoe besigheid gedoen is met die kwalifiserende besigheidseenhede gedurende die toepaslike finansiële jaar. Die toegekende bonus sal in kontant betaal word 16 (sestien) jaar na toekenning en deelname is nie outomaties nie. Klante moet registreer en die terme en voorwaardes van AgriRewards aanvaar ten einde aan die skema deel te neem ("**AgriRewards Deelnemers**").
- 1.3 Die voordele van AgriRewards is:
- Dit beloon die klant met 'n bonus vir besigheid gedoen met Senwes;
 - Die bonus word as sekuriteit gebruik by Senwes Credit;.
 - Dit word omgeskakel in kontant na 16 (sestien) jaar na toekenning.
- 1.4 Sodra die jaarlikse allokasie gedoen word, het die maatskappy 'n onvoorwaardelike aanspreeklikheid om die AgriRewards Voordele aan die einde van die Skema of by die ontbinding daarvan deur die Direksie, uit te betaal. Die besluit is nie volgens die diskresie van die Direksie soos baie ander soortgelyke skemas in die landboumark nie.
- 1.5 Die Maatskappy het besluit om die AgriRewards Voordele wat betaalbaar is aan AgriRewards Deelnemers, om te skakel na Senwes Aandele, indien sodanige AgriRewards Deelnemers vrywillig so 'n keuse sou uitoefen.
- 1.6 Senwes is op ZAR X genoteer en Senwes Aandele wat opgeneem word, is ten volle gedematerialiseer. AgriRewards Deelnemers wat die keuse sou uitoefen om die Senwes Aandele op te neem, is verplig in terme van die FMA om 'n rekening te open by die CSDP. Die prosedures in die verband word volledig hieronder verduidelik.

2 RASIONAAL

Die keuse deur Deelnemers om Senwes Aandele in plaas van die AgriRewards Voordele te ontvang, verskaf die geleentheid aan Deelnemers om aandele in Senwes op te neem en verskaf terselfdertyd buigbaarheid vir dié Deelnemers wat die huidige waarde van die AgriRewards Voordele wil ontsluit.

Die Senwes Aandele is vrylik verhandelbaar op die ZAR X beurs en mag derhalwe verhandel word na oordrag en toekenning aan elke AgriRewards Deelnemer. Die AgriRewards Voordele sal derhalwe 'n likiede bate wees vir Deelnemers wat die keuse uitoefen om die omskakeling te aanvaar. Deelnemers sal ook kan deel in dividende wat van tyd tot tyd uitbetaal word. Die noteringsomsenbrief en lewendige verhandelingsdata is beskikbaar by www.ZAR X.co.za

3 DIE TOEKENNING VAN DIE GEWONE AANDELE OF DIE UITOEFENING VAN 'N KEUSE OM DIE SENWES AANDELE TE ONTVANG

- 3.1 Deelnemers sal geregtig wees om die Senwes Aandele ten opsigte van alle geakkumuleerde AgriRewards voordele soos op die Rekorddatum (30 April 2019), te ontvang.
- 3.2 Die reg om die Senwes Aandele op te neem kan nie gedeeltelik uitgeoefen word nie.

- 3.3 Die aantal Aandele waarop 'n Deelnemer geregtig sal wees, is vervat in die dekbrieff wat aan elke individuele AgriRewards Deelnemer geadresseer is, aangesien elke toekenning verskil en gebaseer is op die deelname van 'n AgriRewards Deelnemer soos op die Rekorddatum.
- 3.4 Deelnemers wat die keuse uitoefen om die Senwes Aandele te ontvang, moet daarop let dat die keuse onherroeplik is en, wanneer die keuse uitgeoefen is om die Senwes Aandele te ontvang, kan dit nie gekanselleer word nie.
- 3.5 Die Maatskappy se aandelekapitaal bestaan uit gewone aandele wat almal *pari passu* rangeer in alle opsigte met 'n pari-waarde van 0.00516247373 sent:

Gemagtigde aandelekapitaal	581 116 758
Uitgereikte aandelekapitaal	180 789 308

Al die aandele het stemreg en in die geval van 'n vergadering per stembrieff ooreenkomstig die AVO, sal elke aandeel een stem hê. Daar is geen spesiale of voorkeurregte gekoppel aan die Senwes Aandele in terme van die AVO nie.

- 3.6 Die Senwes Aandele word as tesourie-aandele gehou in Senwes Capital (Eiendoms) Beperk, 'n volfiliaal van Senwes. Senwes Capital hou genoeg aandele om sy verpligtinge in terme van die Aanbod na te kom sou al die AgriRewards Deelnemers die keuse uitoefen om die Aanbod te aanvaar.
- 3.7 Die Senwes Aandele is genoteer en is ten volle sertifikaatloos. Senwes Aandele sal teen 'n rekening by die CSDP gekrediteer word in die naam van elke aandeelhouer, na aanvaarding van die Aanbod. Die Sekretaris sal bevestiging daarvan aan elke aandeelhouer verskaf na die Implementeringsdatum.
- 3.8 Senwes aanvaar geen verantwoordelikheid nie en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade of enige aksie geneem deur, of enige versuim deur enige CSDP, makelaar of ander agent van enige AgriRewards Deelnemer om ooreenkomstig enige instruksies uitgereik in terme van hierdie Aanbod, op te tree nie.
- 3.9 ZAR X is die gelisensieerde beurs vir die verhandeling van aandele in Senwes Beperk en Senwes tree op as die:
- i) **Markdeelnemer (hoofmakelaar)** wat omsien na die verhandeling volgens die instruksies van die Aandeelhouders en/of Beleggers;
 - ii) **die Oordragsekretaris**, wat omsien na die instandhouding van die aandeleregisters; en
 - iii) **die Aangestelde Adviseur**, wat verseker dat daar aan die noteringsvereistes voldoen word.
- 3.10 Na die aanvaarding van die Aanbod sal AgriRewards Deelnemers geregtig wees om 'n makelaar volgens hul keuse aan te wys, iemand anders as Senwes, aangesien daar 'n aantal makelaars is wat as markdeelnemers optree by ZAR X. Verwys asseblief na <https://www.ZAR X.co.za/broker-list>.
- 3.11 Senwes sal alle makelaarskoste, STT en BTW namens die Deelnemers betaal wat die keuse uitgeoefen het om die Aanbod vir Senwes Aandele te aanvaar. Na die oordrag en toekenning van die Senwes Aandele op die Implementeringsdatum, sal Deelnemers Senwes aandeelhouers wees en sal hulle aanspreeklik wees vir enige koste met betrekking tot die latere verhandeling van aandele op ZAR X. Die koste sluit in die koste van die CSD en CSDP. Vir meer volledige besonderhede oor die verhandeling van aandele, verwys na <http://www.agrirewards.co.za/en-za/investors/shares/senwes>.
- 3.12 **Breukdele**

Verhandeling op ZAR X in die Strate omgewing laat nie breukdele en die toeval daarvan toe nie. Indien die AgriRewards Voordele soos na verwys in paragraaf 3 aanleiding sou gee tot 'n breukdeel van 'n Aandeel, sal die aantal Aandele opgerond word tot die naaste volgetal.

3.13 Genomineerde maatskappye

In terme van die Noteringsvereistes, mag genomineerde maatskappye nie 'n CSD rekening by die CSDP open nie.

3.14 Belastingimplikasies na die opneem van die aandele

3.14.1 Die Wet op Inkomstebelasting, 58 van 1962 (*Inkomstebelastingwet*) maak voorsiening daarvoor dat Senwes Aandele, tensy 'n aandeelhouer vrygestel is, onderworpe sal wees aan dividend-weerhoudings (DWB). In die geval van 'n Suid-Afrikaanse burger wat 'n aandeelhouer is en nie vrygestel is nie, sal die DWB-koers 20% (twintig persent) van die Senwes Aandele wees. Nie-burgers wat Deelnemers is mag onderworpe wees aan DWB teen 'n koers van minder as 20%, afhangend van hul land van herkoms en die toepaslikheid van enige Dubbele Belasting-ooreenkoms tussen Suid-Afrika en hul land van herkoms.

3.14.2 Die verkoop van Aandele wat weens die Aanbod verkry is, na die Implemeteringsdatum, sal waarskynlik Inkomstebelasting of Kapitaalwinstbelasting (KWB) implikasies tot gevolg hê. Senwes se inkomstebelastingverwysingsnommer is 9418001617.

4 BUITELANDSE DEELNEMERS

4.1 Hierdie Aanbod, en die reg om die Gewone Aandele in jurisdiksies anders as in die Republiek van Suid-Afrika te ontvang, kan wetlik beperk word en enige versuim om aan sodanige beperkinge te voldoen, sal 'n oortreding van die sekuriteitewetgewing van sodanige jurisdiksies daarstel. Ooreenkomstig sal Deelnemers nie geregtig wees om die Senwes Aandele direk of indirek te ontvang in sodanige jurisdiksies nie en sal geag word dat hulle nie die alternatief met betrekking tot Gewone Aandele uitgeoefen het nie.

4.2 Sodanige buitelandse Deelnemers moet hulself op hoogte bring van en enige toepaslike wetlike vereistes in sodanige jurisdiksies, gehoorsaam. Dit is die verantwoordelikheid van buitelandse deelnemers om hulself te vergewis ten opsigte van volkome nakoming van die wette en regulatoriese vereistes, valutabeheer of ander vereistes of die liassering van enige vereistes, nakoming van enige ander formaliteite wat nodig mag wees en die betaling van enige uitreiking, oordrag of ander bedrae wat betaalbaar mag wees in sodanige jurisdiksies. Deelnemers wat enige twyfel oor hul posisie mag hê, insluitend, sonder beperking, hul belastingstatus, moet 'n geskikte adviseur in die relevante jurisdiksies sonder versuim raadpleeg.

5 PROSEDURE OM 'N REKENING BY DIE CSDP TE OPEN

5.1 Deelnemers wat **nie** enige Senwes Aandele wil ontvang nie, hoef geen verdere aksie te neem nie.

5.2 Deelnemers wat wel Senwes Aandele wil ontvang moet, voor of op 31 Oktober 2019 (die Sluitingsdatum) om 17:00 die aangehegte keusevorm voltooi en terugstuur na die Aangestelde Adviseur van die Maatskappy (Senwes Beperk) gedurende normale besigheidsure, gemerk vir die aandag van die Maatskappysekretaris van Senwes by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp of per epos aan Elmarie.joynt@senwes.co.za of Claudi.smit@senwes.co.za of die keuse elektronies uitoefen deur te gaan na www.agrirewards.co.za.

5.3 Dit is belangrik om daarop te let dat, voordat die Senwes Aandele uitgereik en toegeken sal word, Deelnemers eers 'n SDA-rekening by Computershare as die CSDP, ooreenkomstig die FMA, **moet** hê.

5.4 **Ten einde 'n SDA-rekening te open, sal die AgriRewards Deelnemer verplig wees om, na uitoefening van die keuse om die AgriRewards Voordele om te skakel, die volgende aan Senwes as die Oordragsekretaris te verskaf:**

- a) 'n Voltooide en getekende Computershare mandaat;
- b) 'n getekende Makelaarsmandaatooreenkoms; en
- c) volledige FICA dokumentasie soos vereis in terme van wetgewing met betrekking tot geldwassery. Geen aandeeltransaksie mag sonder hierdie dokumentasie plaasvind nie.

Bogenoemde is beskikbaar vanaf die Oordragsekretaris. Die Oordragsekretaris sal elke AgriRewards Deelnemer kontak wat die keuse uitoefen om die aanbod op te neem ten einde hulle by te staan met die opening van die SDA rekening. Indien 'n Deelnemer sou versuim om die FICA dokumentasie voor die Sluitingsdatum te verskaf, kan die aanvaarding van die Aanbod verwerp word, aangesien die oordrag en toekenning van die Senwes Aandele nie sonder sodanige dokumentasie gedoen kan word nie.

5.5 Die Deelnemer se SDA rekening sal gekrediteer en opgedateer word met die Senwes Aandele op die Implementeringsdatum, ooreenkomstig die keuse wat uitgeoefen is.

6 VALUTABEHEERREGULASIES

6.1 Enige Aandele uitgereik aan buitelandse Deelnemers uit die Gemene Monetêre Gebied, sal teen hul geblokte aandeelrekening gekrediteer word by die CSDP wat hul geblokte portefeuljes beheer. Enige Aandele uitgereik aan 'n nie-inwoner van die Gemene Monetêre Gebied sal teen sodanige nie-inwoner se CSDP of makelaarsrekening gekrediteer word en 'n "nie-inwoner"-aantekening sal op die CSDP of makelaarsregister aangedui word.

6.2 Enige Senwes Aandeelbetalings wat uit die Maatskappy se verdeelbare winste aan nie-inwoners en emigrant Deelnemers uit die Gemene Monetêre Gebied gedoen word, is vrylik oordraagbaar en sal gekrediteer word teen die CSDP of makelaars wat hul portefeuljes beheer.

7 FINANSIËLE STATE

Die volledige geouditeerde finansiële state soos deur die eksterne ouditeure geouditeer, die EY verslag en die interim finansiële state (ongeouditeer) van die Maatskappy is toeganklik en beskikbaar by www.senwes.co.za.

8. TOEPASLIKE WETGEWING

Hierdie Aanbod word beheer, geïnterpreteer en geïmplementeer ooreenkomstig die wette van die Republiek van Suid-Afrika.

Die aanbod is beskikbaar in Afrikaans en Engels. Afskrifte van hierdie Aanbod kan verkry word vanaf die geregistreerde kantoor van Senwes.

Vir en namens die raad van direkteure



EM Joynt
GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS /
AANGESTELDE ADVISEUR

SENWES BEPERK
Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
2570

30 September 2019

SENWES BEPERK
ISIN NOMMER: ZAEZ00000018
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienuommer 1997/005336/07)
(*Senwes* of die *Maatskappy*)

AGRIREWARDS DEELNAME: KEUSEVORM

Die definisies en interpretasies in die Aanbod sal *mutatis mutandis* van toepassing wees op hierdie afdeling.

Belangrik:

1. Deelnemers wat die keuse wil uitoefen om Senwes Aandele te ontvang, moet die volgende afdelings van hierdie dokument voltooi:
 - 1.1 **AFDELING A**
 - 1.2 **AFDELING B**
2. Die besonderhede met betrekking tot die terme van die Senwes Aanbod is in die Aanbod vervat en word hierby geïnkorporeer en na verwys asof dit hierin herhaal word.
3. Lees asseblief die instruksies op die volgende bladsy. Versuim om die instruksies te volg, kan aanleiding daartoe gee dat die dokument verwerp word en sal daar geag word dat u nie die Aanbod aanvaar het nie.
4. Indien u sou twyfel oor die voltooiing van die dokument, raadpleeg onmiddellik u bankier, makelaar, prokureur, rekenmeester, ouditeur of enige ander professionele raadgever.
5. Keusevorme sal verwerp word indien dit nie op of voor die Sluitingsdatum (17:00 op 31 Oktober 2019) deur die Aangestelde Adviseur (Senwes) by die adres hieronder aangedui, ontvang word nie.
6. 'n Volledig voltooide keusevorm word benodig vir elke AgriRewards Deelnemer wat aan die Aanbod wil deelneem.

Deelnemers wat die keuse wil uitoefen om die Senwes Aandele te ontvang, moet 'n volledig voltooide keusevorm inhandig:

1. per hand of per pos aan die Aangestelde Adviseur; of
2. per e-pos aan die Aangestelde Adviseur by Elmarie.joynt@senwes.co.za of claudi.smit@senwes.co.za,
3. elektronies by www.agriwards.co.za

ten einde Senwes as Aangestelde Adviseur van die Maatskappy te bereik teen nie later nie as 17:00 op 31 Oktober 2019; of

kan die keuse elektronies uitoefen teen nie later nie as 17:00 op 31 Oktober 2019 deur www.agriwards.co.za te besoek.

Die adres van die Aangestelde Adviseur (Senwes):

Straatadres: Charel de Klerkstraat 1, KLERKSDORP, 2571

Posadres: Posbus 31, KLERKSDORP, 2570

AFDELING A: BESONDERHEDE VAN AGRIREWARDS DEELNEMER WAT DIE KEUSE UITOEFEN OM DIE AANBOD VIR SENWES AANDELE TE AANVAAR

Volle Name en Van van die AGRIREWARDS DEELNEMER:

.....

Posadres:

.....

.....

ID-/Registrasienommer:

Telefoonnommer: Selfoon nr:

E-pos:

Klantnommer: Aandehouersnommer (indien enige)

AFDELING B: AANVAARDING VAN DIE AANBOD VIR SENWES AANDELE

Dui u aanvaarding aan deur die toepaslike blokkie te merk met 'n kruisie en u handtekening op die vorm aan te bring

AANVAARDING:

Ek/Ons aanvaar die Aanbod vir Senwes Aandele op die terme en voorwaardes soos aangedui in die Aanbod in plek van die AgriRewards Voordele.

Geteken te _____ op _____ 2019.

Handtekening

Handtekening

Bygestaan deur (waar van toepassing)

E-pos asb: Elmarie.joynt@senwes.co.za
of
Claudi.smit@senwes.co.za